Plettenbergbaai gaan as inspirasie vir landkuns dien

LAETITIA POPLE
Kaapstad

Van die wêreld se voorste landkunstenaars en verskeie plaaslike kunstenaars gaan van 22 tot 29 Mei deelneem aan *Site_Specific,* 'n internasionale landkunsgebeurtenis by Plettenbergbaai.

Site_Specific mik om kuns, kultuur, geskiedenis en die omgewing saam te bring en so te wys hoe landkuns mense se indrukke van hul natuurlike omgewing kan verander.

Volgens Strijdom Van der Merwe, Suid-Afrika se voorste landkunstenaar en een van elf deelnemers aan *Site_Spesific*, gaan die meeste werke van Plettenbergbaai se hoofstrand tot die Milkwood-staproete in die Piesangrivier-vallei te sien wees. Daar gaan ook werke in die dorp wees.

Onder die deelnemers is die Italianers Gabriele Meneguzzi en Vincenzo Sponga en van Suid-Afrika neem Anni Snyman (die stigter van *Site_Specific*), Angus Taylor, Hannelie Coetzee, Jan van der Merwe, Andrew van der Merwe, Gordon Froud en Simon Max Bannister deel.

Bannister werk tans met Griekwa-klipmesselaars van Kranshoek aan 'n reuse-olifantbeeld wat deel vorm van 'n reeks beeldhouwerke vir die Eden-na-Addo-bewaringskorridor.

Van der Merwe gaan saam met die Switserse landkunstenaar Urs Twellmann werk.

Twellmann, wat al voorheen in Suid-Afrika aan landkuns-gebeure deelgeneem het, skep sy werke en installasies soos Van der Merwe op die plek en gebruik natuurlike materiale van die omgewing.

"Ons almal arriveer op 22 Mei, dan gaan ek die omgewing verken en kyk watter materiale ek kan vind vir my werk. Ek sal ook die internasionale kunstenaars bystaan, almal van ons is ook betrokke by die slypskole," het Van der Merwe gesê.

Begeleide toere na plaaslike landkuns en kulturele optredes in Kwa-Nokuthula, Kranshoek en New Horizon vorm deel van die program.

'n Groot openingsgeleentheid word vir 28 Mei om 11:00 beplan in die Timbershed, een van Plettenbergbaai se geskiedkundige bakens as 'n eertydse walvisstasie.

ke in
MARAIS

Afrika-operastyl